



Vak: Graad 12 Afrikaans: EAT

Onderwerp: Afrikaans EAT: Kwartaal 2 - Eksamen 1

Totaal: 138 Punte

Naam: _____

Datum: _____

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10

Die eiland St Helena

1. Helder, warm water en fassinerende seelewe maak die eiland St. Helena 'n aanloklike snorkel-bestemming. Duikgebiede sluit in (rotsrif) en grotte, alles vol van die seelewe en dit is binne maklike bereik van die kaai in Jamestown. Die wrakke rondom die kus (bied/biet) is (gewild/gewilde) duik- en snorkelplekke.
2. St. Helena is 'n subtropiese paradys met bergagtige terrein en asemrowende landskappe. Dit spog met skoon lug, sprankelende see-omgewing, 'n veilige gemeenskap en min vertroue in moderne tegnologie.
3. St. Helena is bekend. Napoleon Bonaparte in 1815 daarheen verban is tot sy dood 1821. St. Helena bied baie dinge om te sien en te doen - van 'n besoek aan geboue uit die Georgiëanse tydperk tot die ruwe kuslyn en die golwende heuwels.
4. St. Helena is geleë in die Suid-Atlantiese Oseaan. Dit is 47 vierkante myl groot en is een van die mees afgeleë eilande ter wêreld. Die naaste land is die eiland Ascension, wat 1 125 km noordwes van daar. Dit is 1 950 km van die suidwes-kus van Afrika en 2 800 km van die kus van Suid-Amerika.
5. Teen die einde van 2016 was die geskatte bevolking van St. Helena 4550. St. Heleniëns, ook bekend as "Saints", is bekend vir hul vriendelikheid - almal waai en groet. Die bevolking bestaan uit Britte, Asiërs en mense van Afrika. Hulle is Britse burgers en praat slegs Engels. Die meeste mense behoort aan die Anglikaanse kerk. Jamestown is die enigste dorp. Daar is ook 'n paar kleiner nedersettings.
6. Die mense verdien 'n inkomste uit bosbou, landbou, mynbou, visserye en energieverskaffing.
7. Daar is tans geen outomatiese tellermasjiene op St. Helena nie en slegs 'n klein aantal plaaslike winkels en ondernemings aanvaar Visa of Master Card. Die geldeenheid op die eiland is die St. Helena-pond. Internet, telefoon en televisie word verskaf via sateliet. Die Eiland maak van wind- en sonenergie gebruik.
8. St. Helenadag word op 21 Mei gevier. Op hierdie dag in 1502 is die eiland ontdek en so genoem aangesien dit die verjaarsdag van Sint Helena was - die moeder van Konstantyn die Grote.

Bronne:

<https://www.sthelenatourism.com/af/inligting/>

<https://www.historyhit.com/absolutely-remarkable-historical-sites-in-st-helena/>

Woordeskat

afgeleë - remote

aanloklike - interesting

bereik - reach

bergagtig - mountainous

bevolking - population

bosbou - forestry

geskatte - estimated



golwende - rolling
heuvels - hills
landbou - agriculture
mynbou - mining
nedersettings - settlements
onderneming - business
ontdek - discover
rotsrif - rock reef
snorkel - snorkle
sprankelende- vibrant
vertroue - trust
visserye - fisheries
wrakke - wrecks

Vraag 1: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die korrekte SINONIEM vir die woord tussen hakies:

Paragraaf 2: "Dit spog met skoon lug, sprankelende see-omgewing, 'n veilige gemeenskap en min vertroue in (moderne) tegnologie."

- | | |
|----------|-------------|
| A | hedendaagse |
| B | allerhande |
| C | verouderde |
| D | goedkoop |

Vraag 2: Waar/Onwaar

2 punte

Die ANTONIEM van die woord in **vetdruk**, is niks.

"Duikgebiede sluit in (rotsrif) en grotte, **alles** vol van die seelewe en dit is binne maklike bereik van die kaai in Jamestown."

WAAR

ONWAAR



Vraag 3: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die gepaste VOEGWOORD om die sin korrek te voltooi:

St. Helena is bekend ... Napoleon Bonaparte daarheen verban is in 1815 tot sy dood in 1821.

- | | |
|----------|-------|
| A | want |
| B | omdat |
| C | egter |

Vraag 4: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Gee die AKRONIEM vir die woorde tussen hakies:

Paragraaf 7: "Daar is tans geen (outomatiese tellermasjiene) op St. Helena nie en slegs 'n klein aantal plaaslike winkels en ondernemings aanvaar Visa of Master Card."

Skryf **slegs die akroniem** neer.

--

Vraag 5: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Kies die korrekte benaming vir die LEESTEKEN tussen hakies en die rede vir die gebruik daarvan in hierdie sin:

Paragraaf 5: "St. Heleniëns, ook bekend as "Saints", is bekend vir hul vriendelikheid (-) almal waai en groet."

Die (1) word in die sin gebruik om (2) .

Opsies 1s: afkappingstekens | aandagstreep | bykomende inligting te gee | aan te dui dat woorde weggelaat is

1	
----------	--

2	
----------	--



Vraag 6: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Skryf die sin in die LYDENDE VORM:

"Die eiland maak van wind- en sonenergie gebruik."

Moenie die **aanhalingstekens** gebruik nie.

--

Vraag 7: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Verwys na die laaste sin in paragraaf 1 en kies die WOORDE wat die sin korrek sal voltooi:

Paragraaf 1: "Die wrakke rondom die kus (1) is (2) duik- en snorkelplekke."

Opsies Is: bied | biet | gewild | gewilde

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 8: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Kies die WOORDE wat die sin korrek sal voltooi:

Paragraaf 4: "Dit is 1 950 km van die suidwes-kus van Afrika en 2 800 km van die **kus** van Suid-Amerika."Die woord, **kus**, is 'n (1) , want dit kan beteken: kus - (2) of kus - 'n gebied langs die see.

Opsies Is: homofoon | homoniem | iets waarin jy goed wegpak | 'n soen

1	
----------	--

2	
----------	--



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 9



Vraag 9: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die SINSOORT:

Paragraaf 8: "St. Helenadag word op 21 Mei gevier."

- | | |
|----------|------------|
| A | uitroepsin |
| B | bevelsing |
| C | stelsin |
| D | vraagsin |

Vraag 10: Waar/Onwaar

2 punte

Die MEERVOUD van die woord tussen hakies is rotsrifte.

"Duikgebiede sluit in (rotsrif) en grotte, alles vol van die seelewe en dit is binne maklike bereik van die kaai in Jamestown."

WAAR

ONWAAR

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 11, 12, 13, 14, 15, 16, 17, 18

HUISINHOUDVERSEKERING

LEES DIÉ WENKE VOOR JY OP VAKANSIE GAAN

Maak seker jou huisinhoud is vir die regte bedrag verseker voor jy op vakansie gaan of naweekplanne maak. Gewoonlik kom 'n mens eers agter dat jou huisinhoud onderverseker is wanneer jy eis en die versekeraar se uitbetaling minder is as wat jy verwag. Daar is egter wel 'n paar stappe wat jy kan volg om seker te maak dat jou huisinhoud vir die regte bedrag verseker is, lank voordat dit nodig is om te eis.

Kontak OUTsurance vandag nog vir 'n kwotasie om jou huisinhoud te verseker.

sms "out" na 31495 | skakel 08 600 60 000

OUTsurance is die wenner in die motorversekeringskategorie asook die wenner in die geboue- en huisinhoudversekeringskategorie in die 2022/2023 Ask Afrika Icon Brands-opname.

OUTsurance is 'n gelisensieerde versekeraar en TON 8's, V's, B's en standdaartreke gekoörd. Grato 5445, 08 220 4266.

OUT
SURANCE

Motor & Huis

Vraag 11: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Kies die WOORD of FRASES wat die sin korrek sal voltooi:

Die woord, eis, is 'n (1) , want dit klink dieselfde, maar word anders gespel as die woord, ys, wat beteken (2) .

Opsies Is: homonien | homofoon | die vaste stof van water | om 'n goeie hou in tennis te slaan

1		2	
---	--	---	--

Vraag 12: Waar/Onwaar

2 punte

Die woord, **verseker**, is 'n SAMESTELLING.

WAAR	ONWAAR
------	--------

Vraag 13: Voltooi Die Ontbrekende

8 punte

Kies die korrekte WOORDSOORTE vir die woorde tussen hakies:

"(Lees) (dié) wenke voor (jy) (op) vakansie gaan."

Lees - (1) ,

dié - (2) ,

jy - (3) ,

op - (4) .

Opsies Is: soortnaam | werkwoord | onbepaalde lidwoord | bepaalde lidwoord | besitlike voornaamwoord | persoonlike voornaamwoord | voegwoord | voorsetset

1	
3	

2	
4	

Vraag 14: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die korrekte WOORDSOORT vir die woord tussen hakies:

"Kontak OUTsurance (vandag) vir 'n kwotasie om jou huisinhoud te verseker."

- | | |
|----------|------------------|
| A | bywoord van plek |
| B | bywoord van wyse |
| C | bywoord van tyd |
| D | voorsetset |

Vraag 15: Skryf Jou Antwoord

3 punte

HAAL die INFINITIEF AAN in die sin:

"Kontak OUTsurance vandag vir 'n kwotasie om jou huisinhoud te verseker."

Skryf **slegs vyf woorde neer** en gebruik **aanhalingstekens**.

--



Vraag 16: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die korrekte benaming vir die soort SIN:

"Gewoonlik kom 'n mens eers agter dat jou huisinhoud onderverseker is wanneer jy eis en die versekeraar se uitbetaling minder is as wat jy verwag."

- | | |
|----------|-------------------|
| A | enkeltvoudige sin |
| B | saamgestelde sin |
| C | lydende vorm |
| D | indirekte rede |

Vraag 17: Waar/Onwaar

2 punte

Die woord, huisinhoud, sluit in dinge soos tafels, beddens, stoele en matte.

Die VERSAMELNAAM vir tafels, beddens, stoele en matte is besittings.

Vraag 18: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Verskaf die sin in die ONTKENNENDE VORM:

"Lees dié wenke voor jy op vakansie gaan."

Gee die **hele ontkennde sin neer**. Moenie aanhalingstekens gebruik nie.

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 19, 20, 21, 22, 23, 24, 25



Vraag 19: Waar/Onwaar

2 punte

Die MEERVOUD van vraestel is vraestelle.

WAAR

ONWAAR

Vraag 20: Waar/Onwaar

2 punte

Die karakter, Wikus, sit in 'n leunstoel.

Die VERKLEINING van leunstoel is leunstoelkie.

WAAR

ONWAAR

Vraag 21: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die karakter, Wikus, het pizza geëet.

Verskaf die MEERVOUD van pizza.

Gee **slegs een woord**.

--

Vraag 22: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die VOORSETSEL wat die sin korrek sal voltooi:

Daar is skilderye ... die mure.

A	op
B	teen
C	om
D	oor

Vraag 23: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Kies die korrekte WOORDSOORTE vir die woorde tussen hakies:

"Ek is bevrees nie eers 'n (uitgelekte) (vraestel) gaan (Wikus) red nie!"

uitgelekte - (1) ,

vraestel - (2) ,

Wikus - (3) .

Opsies Is: byvoeglike naamwoord | bywoord van wyse | soortnaam | werkwoord | eienaam | persoonlike voornaamwoord

1	
3	

2	
----------	--



Vraag 24: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Gee die KORREKTE VORM van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD tussen hakies:

Die (moedeloos) ouers is bekommerd omdat Wikus glad nie leer nie.

Gee **slegs een woord**.

Vraag 25: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die tipe SINSOORT:

"Ek is bevrees nie eers 'n uitgelekte vraestel gaan Wikus red nie!"

A	stelsin
B	bevelsing
C	vraagsin
D	uitroepsin

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 26, 27, 28, 29, 30, 31, 32, 33, 34, 35, 36, 37, 38, 39, 40

190-jarige skilpad se verjaarsdag gevier

1. Die 190ste verjaarsdag van die wêreld se oudste dier en ook die oudste lewende skilpad tot nog toe is op die eiland St. Helena gevier.
2. Op 190 jaar oud sien Jonathan nog kans vir die feesvieringe, wat volgens die regering van St. Helena oor drie dae sou strek. Jonathan is 'n reuse Seychelle-skilpad en as geskenk deur die seevaarders aan die destydse goewerneur, William Gray-Wilson, gegee. Sy aankoms in 1882 is in die eiland se argiewe aangeteken.
3. Teeny Lucy, Jonathan se versorger, het in 'n onderhoud met die BBC gesê Jonathan kan selfs ouer wees omdat hy al uitgegroeï was toe hy in 1882 op die eiland aangekom het. Dié skilpaaie is volgens Lucy eers ná die ouderdom van 50 jaar uitgegroeï en Jonathan het nie verder gegroeï sedert hy op die eiland aangekom het nie.
4. Die St. Helena-toerismeraad sê op sy webblad Jonathan is na raming ongeveer twee eeue gelede in die vroeë 1800's gebore.
5. Jonathan bly saam met 'n handvol jonger skilpaaie in 'n kamp by Plantation House op die eiland. Hy het 30 goewerneurs sien kom en gaan, en gesien hoe motors, radio, televisie, 'n lughawe en die internet deel van die eiland word. Hy het ook twee wêreldoorloë oorleef.



6. Jonathan is al blind en sy reuksintuig is aangetas, maar hy kan glo nog baie goed hoor.
7. Hy verkies meestal die geselskap van twee wyfies, Frederica en Emily. Hy verkies op sy oudag om te vreet, te slaap en te paar.
8. Hy en Frederica is al meer as 30 jaar in 'n verhouding en hy het eenkeer toe 'n veearts Frederica ondersoek het, die heeltyd by haar gebly en die veearts dopgehou.
9. Hy word as die eiland se waardevolste skat beskou en is die houer van twee titels in Guinness World Records. Hy is die oudste lewende dier in die wêreld en ook die oudste skilpad, land- en waterskilpaaie ingesluit.
10. Die ou man se verjaardag is tydens 'n Kersmark en ander aktiwiteite die eerste naweek van Desember 2022 gevier. Die hoogtepunt van die verjaarsdagvieringe was 'n skilpad-vriendelike "verjaarsdagkoek" en 'n geanimeerde video oor Jonathan se lewe.
11. Jonathan se aanhangers kon deur die loop van die jaar video-boodskappe stuur om hom geluk te wens met sy verjaarsdag en daar is reeds 'n aansoek by die owerhede ingedien om sy verjaarsdag as 'n vakansiedag op die eiland te verklaar.
12. Toeriste wat vanjaar die eiland besoek het en met Jonathan kennisgemaak het, het elkeen 'n sertifikaat ontvang waarop 'n afdruk van die eerste foto van Jonathan se voetspoor gedruk is. Posseëls, 'n beperkte uitgawe van afdrukke van skilderye van Jonathan, foto's en ander aandenkings om sy verjaarsdag te vier is deur die toerismeraad uitgereik.

Bron: *Die Burger* 5 Desember 2022. (aangepas)

Woordeskat

aandenkings - souvenirs
aanhangers - fans
afdrukke - prints
afkomstig - originated
argiewe - archives
beperkte - limited
dopgehou - watched
feesvieringe - festivities
kennisgemaak - made acquaintance
reuksintuig - sense of smell
seevaarders - seafarers
skilpad - tortoise
uitgegroeï - grown out
versorger - carer
voetspoor - foot print
waardevolste - most valuable



Vraag 26: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Verskaf die WOORD wat die sin korrek sal voltooi:

Jonathan se aanhangers kan ... aan hom stuur om hom met sy verjaarsdag geluk te wens.

Gee **slegs een woord**.

Vraag 27: Waar/Onwaar

2 punte

Seychelle-skilpaaie is eers na die ouderdom van 50 uitgegroe.

Vraag 28: Waar/Onwaar

2 punte

Jonathan is die enigste skilpad op St. Helena.

Vraag 29: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Gee die getal wat die sin korrek sal voltooi:

Die feesvieringe vir Jonathan se verjaarsdag het ... dae lank aangehou.

Skryf **slegs die getal neer**.



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 30



Vraag 30: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Kies die WOORDE wat die sinne korrek sal voltooi:

Jonathan se verjaarsdag is tydens 'n (1) en ander aktiwiteite gevier. Die hoogtepunt was 'n (2) .

Opsies Is: vlooiemark | Kersmark | 'n bak vol van sy gunsteling vrugte | 'n skilpad-vriendelike verjaarsdagkoek

1	
---	--

2	
---	--

Vraag 31: Waar/Onwaar

2 punte

Die eerste foto van Jonathan se voetspoor is op 'n sertifikaat afgedruk deur die St. Helena-toerismeraad.

WAAR

ONWAAR

Vraag 32: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Kies die WOORDE wat die sin korrek sal voltooi:

Jonathan kan nog baie goed (1) , maar hy kan nie meer (2) nie.

Opsies Is: voel | hoor | proe | sien

1	
---	--

2	
---	--

Vraag 33: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Kies die WOORDE wat die sin korrek sal voltooi:

Jonathan hou die Guinness World Record as die wêreld se (1) dier en ook as die (2) skilpad.

Opsies Is: fossieldier | oudste lewende | grootste | oudste

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 34: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die WOORD of WOORDE wat die sin korrek sal voltooi:

Jonathan is St. Helena se ...

- | | |
|----------|-----------------------|
| A | enigste seeskilpad. |
| B | waardevolste skat. |
| C | oulikste troeteldier. |
| D | gelukbringer. |

Vraag 35: Waar/Onwaar

2 punte

Janet Smith is Jonathan se versorger.

WAAR

ONWAAR

Vraag 36: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Kies die woorde wat die sin korrek sal voltooi:

Jonathan het oorspronklik van die (1) -eiland gekom en is in (2) deur (3) aan die goewerneur van die tyd, William Gray-Wilson, geskenk.

Opsies Is: Maldives | Seychelle | 1800 | 1882 | versorgers | seevaarders

1	
3	

2	
----------	--



Vraag 37: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die NAAM wat die sin korrek sal voltooi:

Jonathan woon in 'n kamp by ... op die eiland.

- | | |
|----------|------------------|
| A | die Toerismeraad |
| B | Teeny Lucy |
| C | Plantation House |
| D | die Goewerneur |

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 38

**Vraag 38: Skryf Jou Antwoord**

3 punte

HAAL die SIN AAN wat aandui watter nuwe dinge het Jonathan sien deel word van die eiland.

Haal die **hele sin aan**. Onthou om aanhalingstekens te gebruik.

--

Vraag 39: Veelvuldige Keuse

4 punte

Kies die WOORD of WOORDE wat die sin korrek sal voltooi:

Daar is by die owerhede aansoek gedoen om sy verjaarsdag as 'n ... te verklaar.

- | | |
|----------|-----------------------|
| A | fees |
| B | winskopiedag |
| C | nasionale toeristedag |
| D | vakansiedag |
-

Vraag 40: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Verskaf die NAAM wat die sin korrek sal voltooi:

Jonathan is baie beskermend teenoor ...

Gee **slegs een naam**.

--

Totaal: 138 Punte